

# Luisterbegrip: Graad 12

Deur: Magriet Pieterse (Hoërskool Secunda)

## 1. Aanbevelings en werksywyse

- 1 Dit is belangrik dat die verskillende luistervaardighede, soos deur die KABV voorgeskryf, geoefen word. Luister is oor die algemeen nie die leerders se sterk punt nie.
- 2 'n Mens slaan somer twee vlieë met een klap wanneer luistervaardighede geoefen word aan die hand van voorgeskrewe werke.
- 3 Doen hierdie luistertoets voordat die boek in die klas gelees word.
- 4 Deel die toets aan leerlinge uit en laat hulle die vrae vooraf deurlees.
- 5 Lees die teks een maal deur. Leerlinge mag aantekeninge op hul vraestel maak, aangesien dit 'n luistertoets en nie 'n geheuetoets is nie.
- 6 As Pre- lees oefening kan leerlinge kortliks terugvoer gee oor hul ervaring van hul eerste saalbyeenkoms as matrikulant/die gee van byname/verantwoordelikhede van 'n matrikulant.



## 2. Teks uit *Onderwêreld* (Fanie Viljoen) Bladsy 59 – 60

Die oggend se skoolbyeenkoms is in die Lawson-gedenksaal. Die matrieks sit op die galery, Verenigde Raad van Leerders voor. Doktor Alec Pienaar, die skoolhoof, vat die kateder vas terwyl hy praat, sy stem donderend deur die klankstelsel.

Ek hoor net hier en daar 'n woord, want dis dieselfde speech wat hy elke jaar hou: "... om die sakeleiers van die toekoms gereed te maak vir die reusetaak wat op hul skouers sal rus ... uitmuntende prestasie ... bevoorregte leerders ... toekomsgerightheid ..." Plek-plek slaan hy oor in Engels, want Lawson is mos parallelmedium. "... with our dedicated team of teachers ... business philosophy where science and technology meet the world of finance ..." Dan terug na Afrikaans: "... die beste jaar ooit op akademiese en sportgebied ..."

Wag!

Ek het iets gemis. Skielik kom 'n paar van die goed wat Dok Pienaar nou net gesê het terug: "Dit sal my laaste jaar as hoof van Lawson Kollege wees. Ek wou eintlik al verlede jaar my belange by die skool finaliseer, maar op aandrang van die skool se beheerliggaam en verskeie ouers, bly ek nog vanjaar aan. Soos ooreengekom met die beheerliggaam, sal ek egter nie voltyds by Lawson Kollege kan wees hierdie jaar nie. Die private sakebelange wat ek najaag, sal baie van my tyd opeis."

## Huistaal

Meneer Pete Andersen, die adjunkhoof, sal my plek volstaan wanneer ek nie hier is nie. Ek verwag dat julle hom sal ondersteun in hierdie reusetaak.”

Private sakebelange. Ek wonder wat dit is? Dok Pienaar het verlede jaar ook iets hiervan gepraat. Dalk is dit maar net sy manier om te sê hy is nou keelvol vir hierdie plek, hy gaan sy skoene uitskop, vir homself ’n whiskey en soda gooi en begin infomercials kyk.

Deur die loop van die dag word admin-reëlings vir die res van die jaar getref, klasroosters bespreek en ’n oorsig gegee van die leerplan.

Maar die ding wat my die meeste opval, is al die waarskuwings en bedekte dreigemente dat hierdie jaar nie kinderspeletjies gaan wees nie. Dat ons moet vergeet van girls, computer games en ander goed wat ons beperkte aandagspan kan aftrek van daardie groot einddoel: die matriekeindeksamen.

Ons onderwysers is meestal dieselfde klomp wat ons verlede jaar ook gehad het.

Net Niel Manson, Besigheidstudies, en Jennie Lombard, Afrikaans, is nuut. Hulle kry hulle byname deur die loop van die dag. Niel Manson word eers Nil Man, en later Nelson Mandela. Jennie Lombard kry sommer dadelik die naam Jennie Langbaard vanweë die effense wollerigheid op haar bolip en ken.

Daardie middag dril die ingekontrakteerde atletiekafrigter van die Atletiek-Akademie ons vir die komende atletiekseisoen, ek vergader vinnig met die verskillende huise se koshuis-VRL’e en toe, uiteindelik, sak die son en kleur die blou berg om ons gloeiend oranje-geel, soos ’n reuse goudstaaf.

### Vrae

1. Wat is die skool en die skoolhoof se naam? (2)
2. Bewys dat die volgende stelling vals is, deur een woord uit die teks wat voorgelees is, aan te haal.  
*Die hoof praat so sag dat die leerlinge hom nie duidelik kan hoor nie.* (1)
3. Hoekom hoor die spreker net hier en daar ’n woord van die hoof se toespraak? (1)
4. Noem TWEE eienskappe van die skool soos uit die teks blyk. (2)
5. Watter nuus gee die skoolhoof vir die leerlinge en wat is sy rede hiervoor? (2)
6. Wat dink die spreker kan dalk verskuilde redes wees vir die hoof se aankondiging in Vraag 5? (2)
7. Wat val die verteller die meeste op tydens sy eerste skooldag in matriek? (1)
8. Wie is die graad 12’s se nuwe Afrikaanse onderwyseres?  
Gee ook haar bynaam en verduidelik waarom sy die bynaam gekry het. (3)
9. Noem EEN van die aktiwiteite waaraan die spreker op die eerste skooldag deelneem. (1)

**[15]**

# Nasiemriglyne

1.	Lawson Kollege ✓; (Doktor) Alec Pienaar ✓	2
2.	“sy stem donderend deur die klankstelsel”/“donderend” ✓	1
3.	Hy is verveeld, want die skoolhoof gee elke jaar dieselfde toespraak. ✓	1
4.	Parallelmedium / bevoorregte leerders / het geld, want het ingekontrakteerde atletiekafrigter van die Atletiek-Akademie / toegewyde onderwysers/Meneer Pete Andersen is die adjunkhoof / skool het uitmuntende prestasies / span toegewyde onderwysers ✓ ✓ (Enige TWEE eienskappe.)	2
5.	Dit sal sy laaste jaar as hoof van die skool wees. / Hy sal nie voltyds by die skool wees nie ✓ a.g.v. private sakebelange. ✓	2
6.	Dis die hoof se manier om te sê hy is keelvol vir die plek / Hy gaan sy skoene uitskop / vir homself ’n whiskey en soda gooi / begin infomercials kyk. ✓ ✓ (Enige TWEE antwoorde)	2
7.	Al die waarskuwings/dreigemente dat die matriekjaar nie kinderspeletjies gaan wees nie. ✓	1
8.	Jennie Lombard ✓ ; Jennie Langbaard ✓ Sy het ’n effense wollerigheid op haar bolip en ken. ✓	3
9.	Atletiek geoefen by Atletiek-Akademie / vergader met die verskillende huise se koshuis-VRL’e ✓ (Enige EEN aktiviteit uit die teks.)	1

